NEWSLETTTER 2016/1
MARCH 2016

INTRODUCTION

Newsletters have appeared sporadically in the past and did not always reach the intended residents/business owners of the three towns represented by this committee (L'Agulhas, Struisbaai and Suiderstrand). In a renewed effort to make information available quickly as well as keeping residents and business owners aware of what is happening around them, this committee pledges to produce a newsletter every quarter as a minimum with a goal of once every two months as the ideal.

2015 AGM (28 DEC 2015)

Chairman's Annual Report. The purpose of the AGM is to provide feedback to members with regards to what happened during the past year.

Liaison

- SAN Parks, a key role player in our area, still remain "in communicando" with regards to their activities and projects. All efforts to obtain any feedback from the Agulhas National Park have remained fruitless.
- AFRIFORUM is in the process of establishing a branch in the Cape Agulhas municipal area.

Successes

- Excellent co-operation with the Ward Committee of Ward 5.
- Water supply and pressure have shown an improvement.
- Storm water run-off has improved in some areas and pressure is being maintained on the responsible officials to continue the upgrades.

Frustrations

- Rates and Taxes have increased by ± 20%.
- Toilet facilities at NOSTRA have been built but there still remains a huge requirement for additional as well as the upgrading of existing facilities.
- Only 2 newsletters were circulated during 2015. The requirement for at least 4 per year and possibly 1 every 2 months has been set as target for the new committee.
- The member's address and contact details database/list is far outdated. New efforts are underway to consolidate all the information onto one controlled database.
- The Activity Forum is still experiencing difficulties in creating an area for youth activities in Struisbaai.
- The Business Forum is still not productive although great strides have been made to establish it.
- Outstanding complaints to the municipality are being addressed, however, there remains great frustration with the major issues such as the Suiderstrand road.
- The IDP (Integrated Development Plan) list of items to be considered for development grows annually with very little success/completion. This is directly related to the budget available for these projects/actions. Each year the list goes through a prioritisation process.

Finances

The financial state is sound. The following funds are accumulated in the separate accounts:

1.	Savings A/C	SRA	R10,159.05
		Skateboard arena	R 5,350.00
		Projects	R11,000.00
		Sub-total	**R26,509.05**
2.	Current A/C		R 376.53
3.	Petty Cash		R 512.45
		TOTAL	**R27,398.03**

Issues raised from the floor

- Water supply and pressure problems, especially over the December/January holiday season. The Chairman undertook to formulate a letter requesting clarity on the situation and why there remains a water restriction in place throughout the year.
- Storm water drainage. The municipality does not have the necessary capital to resolve the storm water drainage requirements immediately and budgets annually to upgrade sections that are most affected.
- Suiderstrand road. CAM and ODM (Overberg District Municipality) are jointly in the process of trying to acquire the necessary funds to tar the sections of the road which are not going to be paved by SAN Parks. SAN Parks will be responsible to pave the section from the lighthouse to the southernmost tip of Africa parking area. At present CAM is re-gravelling the worst sections within the 2015/16 budget.

Activity Forum (Riana Fourie) report

- Notices were placed at various businesses for the December/January holiday season activities.
- The *Suidpunt Event Facebook* page has been created and any information/ requirements may be sent via e-mail to *agulhas@discovercapeagulhas.co.za* or telephonically at 028-435-7185.
- A project is underway to in the planning phase to erect an activity centre building adjacent to the Caltex garage. The projected costs are in the order of R20m.

Tourism (Annelien Snyman, CEO CAM Tourism) feedback

- Information brochure holder boards were placed in the 5 towns (Agulhas, Arniston, Bredasdorp, Napier and Struisbaai) before the start of the December/January holiday season. The necessary information of each town and surrounds are available at each location.
- Tear-off maps with activities and information is also available at each location.
- The updated Overberg map with information is now available for the area.
- The Discover Cape Agulhas website and Facebook page has a multitude of information and activities for the area.

TERUGVOER VAN DERICK BURGER (RAADSLID, WYK 5)

Erf 821, L'Agulhas - die afgebrande huis van Fellinger. 'n Slopingsbevel is toegestaan maar KAM het besluit om dit terug te trek. Die eiendom gaan eerder per openbare veiling verkoop word gedurende Maart/April vanjaar. Ons wag tans op terugvoering vanaf die balju vir bevestiging van die beoogde veilingsdatum. 'n Lasbrief vir Eksekusie teen die eiendom is uitgereik ter verhaling van 'n bedrag verskuldig aan 'n plaaslike krediteur en KAM - vir agterstallige eiendomsbelasting.

Suiderstrandpad/Minor road 04401. Onderstaande is die amptelike terugvoering op ons laaste memo aan Carl October, Direkteur Padbeplanning, Departement OpenbareWerke (DTPW) Wes Kaap Provinsie gedateer 15 Februarie 2016. Ek haal verbatim aan:

1. "DTPW has no mandate to upgrade the road as CAM is the road authority. (Provinsie mag nie die bou of instandhouding van munisipale strate befonds nie. Dit moet uit eie munisipale fondse kom … wat ons nie het nie. Ons sou die pad kon de-proklameer van 'n straat na provinsiale pad en dan aandring dat hulle vir die konstruksie hiervan begroot - my inset).
2. The traffic volumes must warrant the need for an upgrade i.e. more than 500 vehicles per day expressed in terms of annual average daily traffic and not just seasonal peaks.
3. The DTPW has a draft business process procedure for identifying and prioritising roads for upgrade potential. A vital part of this process is the priority that our District Municipalities place on the potential road upgrade and the validation of such intent from our Road Network Information System. However, DTPW does not collect asset information for its 15,000 km of minor road network, which would include Minor Road 04401 - this will be checked however".

Ek het weliswaar met Minister Bredell 'n vergadering gehad. Hy het belowe om namens ons met Ministers Grant en Winde hieroor te vergader op Dinsdag die 1ste Maart. Ek wag nou op sy terugvoering. Volgens my is daar enkele opsies**. 1.** Wes-Kaap Provinsie vind 'n manier in die "Municipal Finance Management Act" om die teer van die pad te befonds. Dit is immers 'n geproklameerde pad of straat. **2**. SANParke moet oortuig word om nie net die eerste 1,3 km te plavei nie, maar te begroot om die totale lengte te plavei of teer ter wille van ondersteuning van toerisme en hulle besigheid. **3.** Dat KAM verplig word om te begroot vir die pad se teer (KAM se pad # 4401). Dit is immers hulle wie ons aanspreeklik hou en aan wie ons eiendomsbelasting betaal. Hierdie onuithoudbare situasie gaan nie langer net gelate aanvaar word deur die belastingbetalers nie indien ek die groeiende frustrasie en aggressie reg lees. **4.** 'n Kombinasie van bogenoemde.

Drinkwater - Ek verteenwoordig KAM op die "South African Local Government Association" (SALGA) en het op 10 Februarie die finansiële werkgroep vergadering in Kaapstad bygewoon waar al 30 Wes Kaap Munisipaliteite verteenwoordig word. Een van die onderwerpe was "Waterverbruik en tariewe in Kaapstad vanaf 1914 tot 2014" aangebied deur Mnr Bertus Saayman. Met die eksponensiële groei in inwonertalle of verstedeliking, sou dit 'n logiese aanname wees dat aansienlik meer water verbruik moes word. Bertus het die verbruiksgrafiek vertoon vanaf 1914 tot einde 2014 asook wat die verbruik sou wees indien die verbruikspatroon die voorafgaande jare se groei in aanvraag sou volg, naamlik 523 miljoen m3. Dit het egter afgeneem of afgeplat omdat die mense van Kaapstad hulle verbruik afwaarts aangepas het ten spyte van die feit dat die Moederstad inwoners getalle gegroei het na 4,2 miljoen, het die vraag na water staties gebly en selfs gedaal die afgelope 15 jaar van 335 miljoen m3 in 1999 tot 318 miljoen m3 einde 2014 *omdat inwoners van Kaapstad hulle waterverbruik kultuur verander het*.

Actual demand growth 1999 -2014



Stad Kaapstad aksies ter besparing

Die Stad het onder andere die volgende ingestel:

1. 'n "Water Management Device" (WMD) geïnstalleer by al die 15 mm en 20 mm watermeters. Dit is nie dieselfde as 'n voorafbetaalde meter nie.
2. Alle waterlekke is herstel - gratis, eenmalig.
3. 'n Gratis voorafbetaalde elektriese uitmeter (dispenser) is geïnstalleer - waar nodig geag was.
4. Sulke huishoudings het daagliks toegang tot 350 liter water.
5. Hiermee het die Munisipaliteit die moontlikheid geskep om toekomstige waterverbruik te bestuur.
6. Alle agterstallige waterskuld is afgeskryf - geen limiet, eenmalig.
7. Waterbeperkings is ingestel ten opsigte van besproeiing, afspuit van opritte of geplaveide areas en waterbesparingswenke word deurlopend gekommunikeer.

Waterverliese/lekkasie

	Struisbaai	L'Agulhas	Suiderstrand
September '15	8,4 kl	11 kl	43,1 kl
Oktober '15	23,6 kl	27,5 kl	54,2 kl
Gemiddelde verbruik	28 630 kl	6 816 kl	949 kl

Watergehalte - Die watergehalte van al die dorpe binne KAM was vir Desember 2015 (volgens SANS 241), Klas 0 water - met alle bakteriologiese toetse geslaag.

Vragte riool gepomp

	Struisbaai	L'Agulhas	Suiderstrand
Okt '15	64	50	17
Nov '15	94	66	18
Des '15	300	156	20

Risikobestuur - Onwettige storting skep 'n gesondheidsrisiko. 'n Kontrakteur is aangestel om weekliks die groot hoeveelheid onwettige stortings wat oral voorkom op te ruim. Gedurende Desember 2015 het die onwettige stortings ver-driedubbel.

Vandalisme aan water en rioolnetwerk kom voor en hou ernstige risikos in. Moontlike risiko van stormwater afvoer word gemonitor en verminder deur skoonmaak van vangputte en stormwatermangate.

Lae koste behuisingsprojek op Erf 857 - Die beplanning vir die bou van 437 GAP en HOP huise op Erf 857, langs Hotagterklip, gaan voort. 'n Totaal van 442 erwe word beplan met 5 oopruimtes tussenin. Die padreserwe word vergroot van 8 meter tot 10 meter.

NOTULE VAN DIE WYKSKOMITEE VERGADERING VAN 8 FEB 2016

Sommige uittreksels word hieronder gelys:

- **Struisbaai pleinontwikkeling**

Die ontwikkeling, immers die aanbou van publieke ablusie, word as hoë prioriteit geag deur die komitee en veral sake gemeenskap. Die groeiende besoekergetalle oor naweke, Paasnaweek en die somer vakansieseisoen maak dit krities noodsaaklik. Minder smouse het gedurende Desember '15 die plein as handelsarea benut en die afwesigheid van ablusie word as hoofrede geag.

Besluit: Dat die Munisipale Bestuurder hieroor genader word in 'n poging om dringend fondse toe te wys vir die bou van ablusie soortgelyk aan dit wat op die Nostra perseel gebou is.

- **Informele straat**

Die straat wat deur gebruik ontstaan het en tans die enigste uitgang vir groot trokke/bakkies bied vanaf AHM na Cinnerariastraat se opgradering, word alengs groter en groter. Die aanbring van 'n stopteken word verwelkom en waardeer.

Besluit: Om Tegnies weer eens te versoek om die opgradering en formalisering van hierdie straat in die '2016/'17 begroting op te neem.

- **Parkering, L'Agulhas**

Parkering, veral oor die besige naweke en somerseisoen, word jaarliks groter. Anders gestel, die gebrek aan parkering in die L'Agulhas sakekern is 'n groter wordende probleem.

Besluit: Dat Tegnies versoek word om moontlikhede te ondersoek ter verligting hiervan. Die komitee meen dat die omskepping van Erf 52 in parkering mag help – veral met addisionele parkering vir gaste in die KAM chalets aan die oorkant.

- **Eskom - oordrag na KAM**

Die behoefte aan verbeterde diens is 'n lang uitstaande een en die komitee is dit eens dat KAM die verspreiding van elektrisiteit na Struisbaai-Noord moet oorneem.

Besluit: Dat Schalk Lourens weer eens met Eskom in verbinding moet tree en poog om immers die

straatligte oor te dra na KAM.

- **Gebrekkige verkeersvloei**

Die verkeersvloei deur Hoofweg, Struisbaai, oor veral die somervakansie, raak onhoudbaar en die potensiaal vir verkeersongelukke verhoog jaarliks soos groter getalle besoekers/motorvoertuie die dorp inkom. Die komitee meen dat die beste oplossing in die aanbring van mini sirkels lê ter wille van vloei dwarsdeur die jaar. Hierdie aangeleenthied word jaarliks op die GOP gelys vir minstens die afgelope 10 jaar – maar onsuksesvol tot op datum. Antwoorde soos dat die Provinsiale Padingenieur die blokkasie is of dat daarvoor nie begroot is nie word nie meer aanvaar nie. Dringende aksie word nou verlang.

Die inwoners/belastingbetalers van Wyk 5 dra 70% (R37m) by tot KAM se R53m inkomste uit eiendomsbelasting en voel dat, immers dit wat ons as dringend en belangrik beskou ter wille van veiligheid, nie net negeer behoort te word nie. Hierdie snaar gaan van nou af aan hard gespeel word!

Besluit: Dat aan die bou van mini sirkels op strategiese punte aan Hoofweg, Struisbaai dringend aandag verleen word.

- **Waterbeperkings**

Waterbeperkings se doel is om inwoners aan te moedig om spaarsamig met watergebruik om te gaan. Die afgelope seisoen is meer water as ooit gebruik en selfs gemors op afspuit van bote, motors, opritte en meer. Dit is die eerste keer dat soveel opblaas swembaddens oral opgerig was - wat almal met drinkwater gevul was.

Voorstelle vir waterbesparing word verwelkom en behoort ingestel word - soos die aanbring van druk waterkrane langs die swemstrand en publieke plekke.

Vrae word gevra oor die druk wat val in veral L'Agulhas area en daar word gesuggereer dat die instandhouding van kleppe en krane op die hoof-waterlyne nie behoorlik versien word nie.

Besluit: Dat die publiek gereeld ingelig word oor die werklike stand van waterbeskikbaarheid om hulle samewerking te kry wanneer nodig; dat Deon Wasserman versoek word om die wykskomitee in te lig oor die onderhoud en instandhoudingsplan van Struisbaai/L'Agulhas en versoek word om die aanbring van drukkrane te ondersoek (storte en krane langs die swemstrand/getypoele).

- **Wateraanvraagbestuur**

Enkele feite soos verkry van Mnr Deon Wasserman, KAM Bestuurder: Water en Riolering

  - **Suiderstrand** - Bron van drinkwater is uit twee boorgate wat maandeliks 7,000 kiloliter (kℓ) lewer terwyl die aanvraag in 'n piekmaand 5,009 kℓ is. Die opsies vir toekomstige uitbreiding van waterbronne lê in die sink van addisionele boorgate, of om die bestaande tru-osmose aanleg uit te brei of in die uiteindelike ontsouting van seewater.

  - **L'Agulhas** - Die bron van drinkwater is ook vanuit twee boorgate. Die maksimum aanvraag is 19,268 kℓ met 'n beskikbaarheid van 36,000 kℓ per maand en dus is daar voldoende water. Toekomstige opsies sou ook wees die sink van addisionele boorgate of seewater-ontsouting.

- **Struisbaai** - Die maksimun aanvraag in ‘n piekmaand is 80,340 kℓ met ‘n huidige beskikbaarheid van 87,102 kℓ uit 6 boorgate. Water kan ook vanaf L’Agulhas oorgepomp word indien nodig. Hierdie is die nuutste syfers ... soos van toepassing was op die afgelope Desember vakansieseisoen. Opsies virtoekomstige uitbreiding van waterbronne is die volgende: om die boorgate op Dr Richard Young se grond met elektrisiteit, pyplyn enpompe te voorsien. Dr Young het aangedui dat geen oorhoofse kraglyne aangelê mag word oor sy grond nie. Hoër volumes vanaf L’Agulhas en seewaterontsouting is verdere opsies.

- **Addisionele feite** - Huishoudelike meters ouer as 20 jaar gaan vervang word teen ‘n totale koste van R1,7m. Hiermee gaan binnekort in fases begin word aangesien ‘n begrote bedrag van R300k goedgekeur is en waarmee minstens 600 meters vervang kan word. KAM het ‘n verdere R1,2m uit eise bekom wat ook later hiervoor aangewend gaan word. Die gevolg sal wees dat waterverbruik meer korrek gemeet en gefaktureer kan word. Deon bevestig dat hy poog om toerusting vir die opspoor van lekkasies aan te koop. Intussen word toerusting ingehuur wanneer nodig. Grootmaatmeters is gedurende Mei ’15 vervang.

As algemene reel moet ons as inwoners egter ‘n waterbesparingskultuur aanneem ter wille van kostebesparing maar ook ter wille van beskerming van ons bron. Wat wel kan verbeter, is die kwaliteit van ons water en Deon verseker my hulle werk daaraan.

- **Voorstel: Duikerstraat speelpark voorlegging**

Die voorstel van Gavin Eyles word aan lede beskikbaar gestel vir kommentaar. Na bespreking is almal eens dat dit ‘n reuse bydrae sou kon maak in die verskaffing van vermaak aan veral kinders - nie net tydens die vakansie en naweke nie, maar deurlopend. Die plasing van die voorgestelde park is voorgehou as ‘n tentatiewe moontlikheid en moet die posisie nog finaal bevestig word deur Hayward. Toegang tot krag en water moet ook bevestig word.

Besluit: Dat die wykskomitee eenparig hulle goedkeuring gee vir die ondersoek en goedkeuring van die plan ter wille van die tydige oprigting van die speelpark. Verder dat Derick Burger dit via Stadsbeplanning na die Raad neem vir oorweging.

- **Herhaalde versoek: Skouer / wandelpad tussen Struisbaai en L’Agulhas**

Verskeie klagtes en versoeke is tydens en na die somervakansie ontvang oor die steeds afwesigheid van die voltooiing van die wandelpad ter wille van veiligheid tussen Struisbaai en L’Agulhas. Hierdie versoek word jaarliks die afgelope 7 jaar gerig. Die wandelpad is gebou vanaf die biblioteek tot voor die OK Grocer - ter wille van voetgangers vanaf Noord tot na die sakekern en beloftes was gemaak dat dit voltooi sou word deur jaarliks vir die bou van ‘n gedeelte te begroot. Hiervan het tot datum niks gekom nie.

Kaap Agulhas Toerisme bemark ons dorp as ‘n “moet besoek” destinasie en SANParke het miljoene spandeer op ‘n ruskamp en beplan verdere uitbreidings. Al hierdie pogings impliseer jaarliks meer motorverkeer en voetgangers - en veral mense wat die stap/draf/fietsry langs die kus terdeë geniet. Diesulkes lê klagtes oor die gevaarlikheid van die gebruik van die pad.

Die Inwonersvereniging se standpunt is dat belastingbetalers jaarliks genoeg bydra tot KAM koffers uit

vordering van eiendomsbelasting en sekerlik kan aanspraak maak dat ‘n persentasie hiervan teruggeploeg word ter wille van veiligheid van hierdie padgebruikers en bemarking van ons kusdorpe.

Besluit: Dat Derick Burger met die Munisipale Bestuurder en Uitvoerende Burgemeester dringend hieroor vergader en die uitkoms rapporteer alvorens alternatiewe aksie beplan word.

- **Oprigting van sellulêre torings, Struisbaai**

Die oprigting van twee afsonderlike sellulêre torings op erwe 129 en 3735 is bespreek en beide is vir die komitee aanvaarbaar veral ter wille van die verbeterde seinuitsending daarna.

Besluit: Dat die komitee die oprigting ondersteun met die proviso dat hulle gekamoefleer word soos aangebied deur die oprigters.

- **Afskiet van vuurwerke**

Me Fourie verneem of ‘n beter afkondiging om die afskiet van vuurwerke in al die dorpe te ontmoedig, nie onderneem kan word nie. Om vuurwerke totaal te verban sal nie suksesvol beheer of gepolisieër kan word gegewe die groter getal besoekers en huidige mannekrag oor Desember nie. Beter bemarking van die gevare en effek op veral diere behoort onderneem te word.

Sigbare wetstoepassing en duidelike uitwys van wettige plekke waar afgeskiet kan word, is nodig. Klagtes van besope mense wat vuurwerke onverantwoordelik afskiet en mede-feesgangers bedreig het, is ook ontvang.

Besluit: Dat hierdie onderwerp ook op die agenda geplaas word vir bespreking tydens die Ontledingsvergadering.

GENERAL

- Please take note that Suiderstrand now has street numbers which should be displayed instead of the erf number. The street numbers can be found on the municipal accounts. This will avoid confusion created for deliveries, et al.

- Your new committee members for 2016 are as follows:

Chairperson	Riana Fourie
Vice Chairperson	Paul Boshoff
Secretary	Cornelia Van Rooyen
Finance	Louise Walsh
Suiderstrand	Keith Woolf and Jenny Woolf
Agulhas	Giel De Kock
Struisbaai	Petro Burger and Charl Olivier
Struisbaai-Noord	Ricardo Theunissen

- Municipal by-laws. On the 6th March 2015, the Western Cape Government Gazetted into law the Animal Care and Control By-Law for the Keeping of Animals, Poultry and Bees (No.: 7363) for the Cape Agulhas Municipal area and can be found on the CAM website.

  Some extracts are listed below:

  4.1 ***Keeping of Animals.***

4.1.1 *Every person keeping an animal on private land shall ensure that the animal does not cause a nuisance to any person.*

4.10.1 ***Restriction on number of dogs.*** *Subject to the provisions of subsection (2), no person may keep more than two dogs on any erf or premises.*

4.10.4 ***Dogs in public places.*** *No person may allow or cause to be allowed any dog to be in a public place unless it is kept on a leash under control of a responsible person.*

4.10.7 ***Fencing of property.*** *No person shall keep a dog if the premises where such dog is kept, is not properly and adequately fenced to keep such dog when it is not on a leash.*

4.10.9 ***Removal of offensive matter.*** *If any dog defecates in any public road or public place, any person in charge of such dog shall forthwith remove the excrement, place it in a plastic or paper bag or wrapper and dispose of it.*

- The increase in population over the December/January holiday season places a severe strain on the water supply and pressure. Your assistance in limiting any wastage and excessive use will be greatly appreciated by all. Consideration could be given to installing rainwater tanks where feasible.
- Refuse containers/bins have been strategically placed around the towns and beaches/recreational areas to help keep our towns and beaches/recreational areas clean.
- Home and business refuse bags only to be placed outside on the designated collection days for your area.
- Recycling bags are available from the CAM offices or by replacement on the day of collection if in residence. Recycling of plastic, paper, cardboard, tins and glass bottles are to be placed in the special see-through recycling bags provided by CAM.

Disclaimer: ***While every effort is made to ensure that the information contained in this newsletter is correct, the use of the information is at reader's risk. If you spot any mistakes please point them out so that we can fix them.***

Please take note that, if there are any suggestions regarding the improvement of the flow of information via these newsletters, you are welcome to direct these suggestions to:

Keith Woolf at **newsletter.sra@gmail.com**